

INHOUD

VRAESTEL 1: BEGRIP, OPSOMMING, TAAL

Hoe om 'n begripstoets te beantwoord	2
Hoe om 'n puntsgewyse opsomming te maak	3
Advertensies	6
Afkortings	11
Antonieme	14
Byvoeglike naamwoorde (Sien by Trappe van vergelyking)	
Bywoorde van modaliteit	17
Deelwoorde	19
Direkte en indirekte rede	22
Doeblette	24
Homofone	25
Homonieme en poliseme	26
Hoofletters	29
Idiomatiese uitdrukkings met rymklanke	30
Infinitief	32
Intensiewe vorme	33
Kritiese taalbewustheid	37
Lande, stede en inwoners	39
Leestekens/punktuasie	41
Lettergrepe en klem	44
Lydende en bedrywende vorm	45
Meervoude	47
Morfologie (woordvorming)	51
Ontkenning/negatiewe vorm	56
Paronieme	58
Samestellings	59
Sinonieme	61
Sinsbou/sinsleer (sintaksis)	63
Sinsoorte	65
Skeibare werkwoorde/deeltjiewerkwoorde	68
Speltekens en spelreëls	70
Taal- en klankverskynsels	72
Taaltoffies	75
Teenoorgestelde geslag	78
Trappe van vergelyking	79
Tydsvorme	82
Tydwoorde	86
Uitroepe/tussenwerpsels	88

INHOUD

Vergelykings	89
Verkleining	91
Een woord vir 'n versameling	93
Verwarrende woorde	95
Visuele geletterdheid	103
Voegwoorde/Verbindingswoorde	110
Voornaamwoorde: persoonlik en besitlik	113
Voornaamwoorde: betreklike voornaamwoorde	114
Voorsetsels	116
Woordeboekgebruik	119
Woordorde (STOMPI)	121
Woordsoorte	123

VRAESTEL 2: LETTERKUNDE

Gedigte: tegniese terme	130
Gedigte: die sonnet	138
Kortverhale en romans: terminologie	139
Die drama: tegniese aspekte.....	141

VRAESTEL 3: KREATIEWE EN TRANSAKSIONELE SKRYF

Uitleg van Vraestel 3	146
Hoe word skryfwerk nagesien?	147

AFDELING A: OPSTELLE

Soorte opstelle	149
Wenke vir goeie kreatiewe skryfwerk	153
Idiome en uitdrukkings.....	161

AFDELING B: FORMAAT VAN LANG TRANSAKSIONELE TEKSTE

Agenda en notule	165
Brief: vriendskaplik/informeel	168
Brief: formeel/sakebrief	169
Brief aan die pers	170
CV en dekbrieff/aansoekbrief	171
Dialog	175
E-pos: informeel	176
E-pos: formeel	178
Huldeblyk	179
Koerantberig	181
Onderhoud	182
Resensie: film	183
Resensie: restaurant	185
Toespraak	186

Tydskrifartikel/koerantartikel	187
Verslag: informeel	188
Verslag: formeel	189

AFDELING C: FORMAAT VAN KORT TRANSAKSIONELE TEKSTE

Advertensie	191
Dagboekinskrywing(s)	192
Instruksies	193
Plakkaat/strooibiljet	194
Rigtingaanwysings	195
Teksboodskap/whatsapp	197
Uitnodiging	198

VRAESTEL 4: MONDELING

Voorbereide praatjie/toespraak	201
Voorbereide lees en gesprek.....	203

WOORDESKAT

Basiese woordeboek	206
Daaglikse roetine	207
Diere	208
Emosies	209
Gesin en familie	210
Gesondheid en siektes	211
Getalle	212
Huis en tuin	213
Huis: die badkamer	214
Huis: die kombuis	215
Huis: die sitkamer	216
Huis: die slaapkamer	217
Huis: take in die huis	218
Jeugkultuur	219
Karaktereienskappe	221
Kleredrag	222
Kleure	223
Kos/voedsel	225
Die liefde	226
Media: gedrukte en aanlyn media en reklame.....	227
Media: internet en sosiale media	228
Media: TV, radio, films en toneelstukke (dramas).....	230
Misdaad en straf	231
Musiek	232
Die omgewing	233

INHOUD

Politiek en die regering	235
Reis	236
Die restaurant	237
Die skool	238
Somer, son en see	239
Sport	240
Toekomsplanne	241
Vervoer en padgebruik	242
Voorkoms	243
Die weer	245
Winkels en geldsake	246
SLEUTELWOORDE IN VRAE	248

VRAESTEL 1
Begrip
Opsomming
Taal

Comprehension
Summary
Language

HOE OM 'N BEGRIPSTOETS TE BEANTWOORD

How to answer a comprehension test

1. **“Skandeer”** (*scan*) eers die HELE stuk.
 - Lees die opskrif (*heading*), onderskrif en teks by die prente.
 - Kyk goed na die prent(e) en ander visuele tekste.
 - Lees die eerste en die laaste paragraaf.
2. **Oriënteer** jouself; vra vir jouself: Waaroor handel hierdie leesstuk?
3. **Lees nou die teks aandagtig deur.**
4. Lees die **vrae** een vir een.
 - **Glim** (*highlight*) die **sleutelwoord(e)** (*key words*) van elke vraag.
 - Wat word gevra?
 - Hoeveel punte vir die antwoord?
 - In hoeveel woorde moet jy antwoord? Hoeveel dinge moet jy noem?
5. **Lees** die stuk vir die **2de** keer.
6. Lees nou die **vrae en teks “in tandem”**: Lees die teks totdat jy die antwoord vind, en dan eers begin jy skryf.
7. **Maak seker jy antwoord wat gevra word.**
 - As twee dinge gevra word en jy noem drie, word net die eerste twee nagesien.
 - Moenie opsies gee nie – net die eerste een word nagesien.
 - Maak seker dat jy die **vraagstelwyse** (*the ways questions are asked*) verstaan. Bestudeer bl. 248-259 van hierdie gids gereeld sodat jy die sleutelwoorde in vrae leer ken.
8. **Onthou:**
 - Die vrae is meestal **chronologies**: die eerste vrae se antwoorde is gewoonlik in die eerste deel van die teks.
 - Dikwels is die antwoord in die **deel met dieselfde sleutelwoorde** as in die vraag.
 - Gebruik aanhalingstekens (“...”) vir aanhalings (*quotations*).



LEES 3 keer, DINK 2 keer en SKRYF 1 keer!
LEES en DINK voor jy INK!

HOE OM 'N PUNTSGEWYSE OPSOMMING TE MAAK

How to make a summary in point form

1. Lees die OPDRAG/INSTRUKSIES.

- **WAT** moet jy skryf? (Wenke? Hoofgedagtes? Redes? Feite?)

2. LEES DIE TEKS.

3. LEES DIE TEKS WEER EN SOEK die sewe wenke/feite, ens.

- Die eerste paragraaf is gewoonlik net 'n inleiding (*introduction*).
- Jy sal ten minste een wenk/feit/idee/rede in elke paragraaf vind.
- Dikwels is die antwoord in die eerste/laaste sin van die paragraaf.
- **Onderstreep** of **glim** die **sleutelwoord/sleutelfrase** van elke idee.

4. SKRYF die sewe dinge in sewe VOLSINNE.

- **Een** wenk/feit/hoofgedagte/rede/manier per sin.
- **Nommer** jou sinne van 1 tot 7.
- Moenie direk uit die teks aanhaal nie; **maak jou eie sinne**. Gebruik die woorde van die artikel, maar sit dit in jou eie sin. Haal woorde soos “eerder”, “dus”, “daarom”, “derhalwe”, “selfs”, “egter” en “liewer” uit.
- Moenie meer as 70 woorde gebruik nie en skryf die korrekte **aantal woorde** onderaan. Graad 8 en 9: maksimum 60 woorde.
- Maak seker jy skryf die **hoof feit/idee** neer, nie net 'n voorbeeld of 'n verduideliking nie.
- **Trek 'n streep deur jou rofwerk/beplanning.**

WAT EN HOE	
wenke (<i>tips</i>) instruksies (<i>instructions</i>) stappe (<i>steps</i>) metode (<i>method</i>) raad (<i>advice</i>) Skryf BEVELSINNE: Begin jou sin met 'n SELFSTANDIGE WERKWOORD of met MOENIE. bv. <u>Eet</u> elke dag groente en vrugte. <u>Moenie</u> te veel sout gebruik nie.	feite (<i>facts</i>) hoofgedagtes (<i>main ideas</i>) redes (<i>reasons</i>) voordele (<i>advantages</i>) nadele (<i>disadvantages</i>) verskille (<i>differences</i>) ooreenkomste (<i>similarities</i>) kenmerke (<i>characteristics</i>) oorsake (<i>causes</i>) gevolge (<i>consequences</i>) tekens (<i>signs</i>) Skryf STELSINNE Onderwerp + werkwoord. bv. Te veel sout is ongesond.

VOORBEELDE: HOE OM 'N PUNTSGEWYSE OPSOMMING IN JOU EIE SINNE TE MAAK

VOORBEELD 1: WENKE/INSTRUKSIES

Lees die artikel en skryf SEWE **WENKE** vir hoe om jou vel teen die son te beskerm.

TEKS	JOU SINNE (BEVELSINNE)
Beskerm jou vel só teen die son Velkanker is die algemeenste kanker in die land. Ons moet dus nie met die son speel nie! 'n "Gesonde sonbrand" is 'n mite. As jy wel bruin wil brand, moet jy jou vel geleidelik aan die son blootstel. Begin met kort sessies in die son – so 10 tot 15 minute behoort genoeg te wees. Daarna kan jy geleidelik langer in die son bly. Só 'n sonroetine gee jou vel die geleentheid om aan die son se hitte gewoon te raak. Sonskerm is 'n noodsaaklikheid en moet gereeld aangewend word. 'n Waterbestande sonroom met 'n SPF van 30+ is die beste vir 'n dag op die strand. Omdat jou oë maklik sonskade kan opdoen, moet jy altyd 'n goeie sonbril dra. Maak dubbel seker deur 'n sonbril van minstens UV400 te kies. 'n Breërandhoed gee baie meer beskerming as 'n pet. Die hoed moet jou gesig en nek teen direkte sonlig beskerm. Die vel op jou lippe is baie sag en kan maklik skade opdoen. Smeer daarom gereeld 'n beskermmer aan jou lippe om droë, gebarste lippe te voorkom. Jy brand ook onder 'n sonsambreel. Jou sonsambreel moet daarom behandel wees sodat dit nie skadelike sonstrale deurlaat nie. Tussen twaalfuur en twee-uur is die son op sy gevaarlikste. Bly dus gedurende hierdie tyd uit die son. As 'n mens mooi na jou vel kyk, verminder jou kanse om velkanker te ontwikkel en bly jy langer sonder plooie.	(Geen wenk: net inleiding) 1. Maak jou vel geleidelik aan die son gewoon. 2. Smeer gereeld 'n waterbestande sonskerm met 'n SPF van 30+ aan. 3. Dra 'n goeie sonbril van UV 400. 4. Dra 'n breërandhoed eerder as 'n pet. 5. Smeer gereeld beskermmer vir jou lippe aan. 6. Gebruik 'n sonsambreel wat teen skadelike sonstrale behandel is. 7. Bly van twaalfuur tot twee-uur uit die son. (Geen wenk: net samevatting) [Aantal woorde: 57]

[Verwerk uit: *Huisgenoot*, 26 Desember 2012]

VOORBEELD 2 : FEITE/REDES/NADELE/VOORDELE

Lees die onderstaande artikel en som die **NADELE** van die waterpyp in SEWE sinne op.

TEKS	JOU SINNE (STEL SINNE)
Die gevare van die waterpyp Baie mense dink die waterpyp is baie minder skadelik as sigarette. Maar is dit? Mense wat 'n waterpyp rook se kans om longkanker te kry, is vyf keer groter as dié van nie-rokers, toon 'n 2004-ondersoek van die Amerikaanse Kankervereniging. Die rook van 'n waterpyp het baie antigeen in, 'n stof wat giftig is en jou kan doodmaak as jy te veel daarvan inkry. Om 'n waterpyp met ander mense te deel, soos wat dikwels gebeur omdat dit 'n baie sosiale aktiwiteit is, is definitief nie 'n goeie idee nie. Siektes soos tuberkulose, hepatitis, varkgriep en orale herpes kan oorgedra word deur die pyp waaraan julle so lekker suig. 'n Ondersoek wat in 2009 in die <i>American Journal of Preventative Medicine</i> gepubliseer is, het gewys dat mense wat die waterpyp rook, meer koolstofmonoksied in hul bloed gehad het. Dit kan baie giftig wees. Daar is baie gevalle waar mense hospitaal toe moes gaan omdat hulle te veel koolstofmonoksied in hul bloed gehad het. Sommige mense glo dat die waterpyp beter vir jou is as sigarette. Waterpyptabak smaak lekker en daarom dink mense dat dit nie sleg vir hulle is nie. Net omdat jy nie die gifstowwe proe nie, beteken nie dat dit nie daar is nie. Mense wat die waterpyp rook, kan ook keelkanker kry – net soos mense wat sigarette rook. Die feit dat die waterpyp nie verslawend is nie, is ook onsin. Dit is net so verslawend soos sigarette. Jy kan ook dieselfde onttrekkingsimptome ontwikkel. Die rook wat jy gedurende een sessie met 'n waterpyp inneem, is 36 keer meer as wanneer jy 'n sigaret rook. Volgens die Wêreldgesondheidsorganisasie veroorsaak tabak die dood van tot die helfte van mense wat daarmee in kontak kom. Tabak is, en bly, giftig.	(Inleiding) 1. Waterpyprokers se kans om longkanker te kry, is vyf keer groter as nie-rokers s'n. 2. Die rook van 'n waterpyp bevat die gifstof antigeen wat jou kan doodmaak. 3. As jy 'n waterpyp met ander mense deel, kan jy siektes kry. 4. Waterpyprokers het meer giftige koolstofmonoksied in hulle bloed. 5 Waterpyprokers kan keelkanker kry. 6. Waterpype is net so verslawend soos sigarette. 7. Die rook van 'n waterpyp is 36 keer meer as sigaretrook. [Aantal woorde: 70]

[Verwerk uit: *Huisgenoot*, 22 Maart 2012]

ADVERTENSIES

Advertisements

BELANGRIKE WOORDESKAT

- Die man wil sy motor VERKOOP (*to sell*).
- Die motor is nou TE KOOP (*for sale*).
- Iemand anders wil die motor KOOP (*to buy*).
- Die TEIKENGROEP of TEIKENMARK is die mense vir wie die advertensie geskryf is.
- 'n Advertensie kan 'n LOGO hê.
- 'n Advertensie kan 'n SLAGSPREUK hê.
- Die VOETREËL is die laaste kort kragtige sin.
- 'n Advertensie MAAK 'N BELOFTE of BELOWE (*to promise*) iets.



HOE ONTLEED (*analyse*) ONS 'N ADVERTENSIE?

Bestudeer die advertensie. Kyk na die VISUELE TEKS (die prentjies) en die GESKREWE TEKS (wat geskryf is). Beantwoord dan die vrae.

1. WAT word geadverteer?	• 'n produk (<i>product</i>) • 'n diens (<i>service</i>) • 'n geleentheid (<i>event</i>)
2.1 WIE is die TEIKENGROEP/ TEIKENMARK (<i>target market</i>)?	• Wees baie SPESIFIEK: • tieners/skoolkinders/ouers/volwassenes/ oumense/sportliefhebbers/diereliefhebbers/ gesinne wat met vakansie wil gaan
2.2 Hoe weet jy dit?	• Motiveer uit die advertensie.
3. Hoe TREK die advertensie jou AANDAG (<i>draw attention</i>)?	• 'n groot opskrif (<i>heading</i>) • woorde in hoofletters (<i>capitals</i>) • woorde in vetdruk (<i>bold</i>) • interessante lettertipe (<i>font</i>) • interessante uitleg (<i>layout</i>) • 'n skokkende/oulike prent • 'n uitroep (<i>exclamation</i>)
4. Hoe WEK die advertensie jou BELANGSTELLING (<i>get you interested</i>)?	• wys iets wat jy wil hê • wys iets wat jy nodig het • wys hoe jy graag wil lyk